



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

NOVEMBER 2010

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomst.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.

AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
4. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
5. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|----------|------------|-----------------|
| A: Meervoudigekeuse-vrae, Woorde tussen Hakies, Pasitems VERPLIGTEND | 1 | 40 | 30 min. |
| B: DRIE direkte vrae VERPLIGTEND | 2 | 60 | 30 min. |
| | 3 | 60 | 30 min. |
| | 4 | 60 | 30 min. |
| C: Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae. | 5 | 40 | 30 min. |
| | 6 | 40 | 30 min. |
| | 7 | 40 | 30 min. |
| | 8 | 40 | 30 min. |
| TOTAAL | | 300 | 180 min. |

6. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld: VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
7. Sakrekenaars mag gebruik word.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

- 1.1.1 Watter EEN van die volgende beskryf *selfbestuur* die beste?
- A Doelwitstelling, identifisering van loopbane en tydbestuur
 - B Beïnvloed internasionale tendense, byvoorbeeld wisselkoerse
 - C Beheer van verskaffers
 - D Globale mededinging
- 1.1.2 Die gedeelte van die versekeringseis wat die versekerde sal moet betaal:
- A Premie
 - B Bybetaling
 - C Kwytskelding
 - D Lewensversekering
- 1.1.3 Watter EEN van die volgende sou jy as 'n etiese besigheidspraktyk beskou?
- A Pryvasstelling tussen selfoondiensteverkaffers
 - B Mededingers werk saam om regeringstenders te beïnvloed
 - C Kommersiële banke stel bankkoste vas
 - D Die heffing van dieselfde prys vir goedere in stedelike en landelike gebiede
- 1.1.4 Die Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van Tongaat Hulett's Suiker Beperk wil met alle aandeelhouers konsulteer om spesifieke produksiedoelwitte te bereik. Dit staan bekend as die ... bestuurstyl.
- A outokratiese
 - B laissez-faire-
 - C demokratiese
 - D charismatiese
- 1.1.5 Watter EEN van die volgende sal heel waarskynlik in die salarisadvies ingesluit word?
- A Behuisingstoelaag
 - B Belasting op privaat eiendom
 - C Elektrisiteitsrekening
 - D Bankkoste

- 1.1.6 Thabiso Bpk. ondervind finansiële probleme. Die maatskappy verkoop 'n paar van sy bates om krediteure te betaal. Hierdie strategie staan bekend as ...
- A diversifisering.
 - B aflegging.
 - C likwidasie.
 - D vervreemding.
- 1.1.7 Beskryf vereistes soos vaardighede, kennis, kwalifikasies en ondervinding vir 'n spesifieke werk:
- A Posbenaming
 - B Menseverhoudings
 - C Posspesifikasie
 - D Personeelfunksie
- 1.1.8 Die monitering van beste besigheidspraktyk sluit ekonomiese, omgewings- en sosiale kwessies in. Dit is grootliks te danke aan ...
- A SWOT-ontleding.
 - B King se Kode.
 - C algemene bestuur.
 - D probleemoplossingstegnieke.
- 1.1.9 Voorkom onregverdigde diskriminasie teen werkers in die werkplek:
- A Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
 - B Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)
 - C Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)
 - D Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)
- 1.1.10 Patricia het R50 000 met die Lottotrekking gewen. Sy het die geld in 'n vastedepositorekening vir twee jaar belê en verdien 'n rentekoers van 14% p.j. jaarliks saamgestel. Die vervalwaarde van haar belegging is ...
- A R46 270,73.
 - B R85 000.
 - C R64 980.
 - D R35 000.
- (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 Die (kragveld-analise/Delphi-tegniek) is 'n probleemoplossings-metode wat die menings van kundiges oor problematiese kwessies verkry sonder om hul noodwendig van aangesig tot aangesig te bring.
- 1.2.2 'n Verhoging in rentekoerse deur die Reserwebank is 'n voorbeeld van 'n (makro-/mark-) omgewingsuitdaging vir 'n besigheid.
- 1.2.3 (Diskriminasie/Volhoubaarheid) is een van die faktore wat tot die sukses van die besigheidsonderneming bydra.
- 1.2.4 (Buitelandse/Korttermyn-) beleggings verwys spesifiek na inter-nasionale finansiële besigheidsgeleenthede.
- 1.2.5 'n Maatstaf wat gebruik word om afwykings van gestelde standaarde in die vervaardiging van 'n produk te identifiseer, te elimineer en te voorkom, verwys na (voorraadbeheer/kwaliteits-beheer). (5 x 2)

(10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|--|--|
| 1.3.1 Rowery | A bevordering van werkers binne die maatskappy |
| 1.3.2 Interne werwing | B beslegting van 'n arbeidsgeskil deur 'n onafhanklike persoon |
| 1.3.3 Stigtingsverklaring | C gestel in die akte van oprigting van 'n publieke maatskappy |
| 1.3.4 Voorwaartse vertikale integrasie | D om kopieë van gelisensieerde DVD's/DVD's met kopiereg sonder toestemming te maak en as oorspronklike kopieë te verkoop |
| 1.3.5 Arbitrasie | E laer pryse word gevra ten einde die produk in die mark te vestig |
| | F stel die hoof-besigheidsaktiwiteit van 'n beslote korporasie |
| | G BMW as vervaardiger neem die kleinhandelverkope van BMW-motors oor |

(5 x 2)

(10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B (VERPLIGTEND)**VRAAG 2**

- 2.1 Gebruik Porter se model en noem die VYF kragte wat gebruik moet word om die markomgewing te analiseer. (10)
- 2.2 Korporatiewe maatskaplike investering het voordele sowel as uitdagings (nadele) vir korporatiewe besighede.
- 2.2.1 Noem TWEE voordele van korporatiewe maatskaplike investering vir 'n besigheid. (4)
- 2.2.2 Noem TWEE uitdagings van korporatiewe maatskaplike investering vir 'n besigheid. (4)
- 2.3 Beskryf VYF funksies/dienste van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs. (10)
- 2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

MY EERSTE WIELE

Suvarshni Naicker het haar studies aan die Universiteit van KwaZulu-Natal voltooi en wil 'n nuwe Toyota Yaris ter waarde van R180 000 koop.

Sy het om 'n lening aansoek gedoen en het na twee dae 'n SMS met die volgende boodskap van die verkoopspersoon ontvang:

'KREDIETAANSOEK ONSUKSESVOL':

Sy was baie teleurgesteld.

Verduidelik Suvarshni se regte aangaande haar afgekeurde kredietaansoek en die wyse waarop sy ingelig is. (6)

- 2.5 Hoe hanteer die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NVOS) die tekort aan vaardighede in die arbeidsmark? Motiveer jou antwoord. (8)

- 2.6 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HILTON RANCH DIVERSIFISEER

Hilton Ranch is 'n beesplaas naby Vryburg in Noordwes. Hilton Ranch het onlangs die Fresh Meat-slaghuis, wat ook in Vryburg geleë is, geopen.

Die slaghuis is baie gewild vir sy heerlike tuisgemaakte biltong en wors.


Ringo Bpk. vervaardig 'n wye reeks veeartsenykundige produkte vir gebruik op Hilton Ranch, sowel as op ander beesplase regoor die land.

- 2.6.1 Identifiseer die sektore waaraan die onderskeie besigheids-ondernemings hierbo behoort. Motiveer jou antwoord. (9)
- 2.6.2 Bespreek die mate waartoe Hilton Ranch die mikrobesigheidsomgewing van die drie sektore, geïdentifiseer in VRAAG 2.6.1, kan beheer. (9)
- [60]**

VRAAG 3

- 3.1 Die volgende vrae is op die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) gebaseer.
- 3.1.1 Definieer die aard van die fonds. (2)
- 3.1.2 Beskryf hoe dit befonds word. (4)
- 3.1.3 Noem DRIE voordele van die fonds vir werkers. (6)
- 3.1.4 Bevoordeel die WVF die werkgewer? Motiveer jou antwoord. (4)
- 3.2 Bespreek hoe besighede in Suid-Afrika tot menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies in die werksplek kan bydra. (18)
- 3.3 Die eiendom van Turbo Distilleerders het 'n huidige markwaarde van R300 miljoen. Die pakhuis is gedeeltelik deur brand beskadig. Skade is op R60 miljoen geraam. Die versekeringsmaatskappy is nie bereid om die volle bedrag van die eis te betaal nie omdat Turbo Distilleerders die eiendom vir slegs R200 miljoen verseker het.
- 3.3.1 Watter beginsel van versekering is op die eis hierbo van toepassing? (2)
- 3.3.2 Bereken die vergoeding wat Turbo Distilleerders van die versekeringsmaatskappy sal ontvang. Toon AL die berekenings. (6)
- 3.4 Noem DRIE bepalinge van die Padongelukkefonds (POF). (6)

- 3.5 Die grafiek hieronder illustreer die verspreiding van eise en ongelukke volgens provinsies in Suid-Afrika. Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit: *Road Traffic Collisions, 2009*, Statistiek Suid-Afrika]

- 3.5.1 Identifiseer die tipe grafiek wat in die illustrasie hierbo gebruik is. (2)
- 3.5.2 Watter provinsie het die hoogste ongeluksyfer in die land? (2)
- 3.5.3 Skryf 'n verslag wat die moontlike redes vir die hoë ongeluksyfer in die provinsie, wat in VRAAG 3.5.2 geïdentifiseer is, gee. (6)
- 3.5.4 Watter provinsie het die laagste getal eise teen die Padongelukke-fonds (POF)? (2)
- [60]**

VRAAG 4

- 4.1 Die bestuurder van die Menslikehulpbron-afdeling versoek dat jy 'n onderhoud vir die pos van sekretaris vir die Hoof Uitvoerende Beamppte (HUB) voer.

Noem DRIE belangrike aspekte wat in ag geneem moet word ter voorbereiding vir die onderhoud. (6)
- 4.2 Beskryf VIER kenmerke van 'n suksesvolle span. (8)
- 4.3 Noem VYF maniere waarop die algemene bestuursfunksie die sukses van 'n besigheidsonderneming kan beïnvloed. (10)

4.4 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KONFLIK IN DIE WERKPLEK

Pieter is die bemarkingsbestuurder van Bush Lodge in King Williams Town. Hy het drie werkers in diens: Vusi, Jane en Busi. Hy hou nie van Vusi nie en behandel hom anders as die twee vroulike werkers.

Hy eis dat Vusi oor naweke werk en om oortyd sonder betaling te werk, maar hy betaal die ander twee werkers vir naweke en oortyd gewerk.

Vusi oorweeg dit om sy werk te bedank as hy nie na 'n ander departement oorgeplaas kan word nie.

- 4.4.1 Noem die hooforsake van die konflik in die gevallestudie hierbo. (4)
- 4.4.2 Noem DRIE ander oorsake (NIE uit die gevallestudie NIE) van konflik in die werkplek. (6)
- 4.4.3 Gee Vusi raad oor die verskillende wyses waarop hy sy ontevredenheid as 'n werker by Bush Lodge kan oorkom. (2)
- 4.5 Verduidelik VIER kwessies/faktore wat 'n individu se loopbaanpad kan beïnvloed. (12)
- 4.6 Met verwysing na die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) (WBDV), beantwoord die volgende vrae:
- 4.6.1 Wat is die maksimum getal dae verlof toegelaat vir gesinsverantwoordelikheid? (2)
- 4.6.2 Omskryf enige DRIE minimum voorwaardes van indiensneming volgens die Wet hierbo. (6)
- 4.6.3 Maak die Wet hierbo voorsiening vir huiswerkers? Motiveer jou antwoord. (4)

[60]**TOTAAL AFDELING B: 180**

AFDELING C**Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

LET WEL: Skryf slegs die VRAAGNOMMER neer. Die antwoord op ELKE VRAAG moet op 'n NUWE BLADSY begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

VRAAG 5**MAKHAYA TALI SE WYNMAKERY**

Makhaya Tali het sy wynmaakbesigheid op 'n klein plasie wat hy by sy oorlede pa geërf het, begin. Dit is buite die dorp Franschhoek in die Kaapse Wynlande geleë. Hy wil verbeterde boerderytegnieke en bemarkingsmetodes gebruik om die plaas se inkomste te verhoog.

Sy besigheid staan voor die volgende uitdagings:

1. Hy het aansoek gedoen vir 'n lening van R1 miljoen om meerdoelige toerusting te koop. Dit sal van die ou wynplaas- en keldertoerusting vervang en hom in staat stel om sowel wyn van hoogstaande internasionale gehalte as druiwesap te produseer.
2. Hy sal van hierdie fondse aanwend om 'n wynwinkel op die plaas te begin. Die wynwinkel sal plaaslike, handgemaakte verpakkingsmateriaal aankoop.
3. As gevolg van 'n verhoging in die rentekoerse deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank moet hy hoër rente betaal.
4. Werknemers eis hoër salarisse en lone, wat 'n daling in die besigheidswinste tot gevolg sal hê.
5. Mededingers in die omgewing verkoop soortgelyke tipes wyn.
6. Hy is nie in staat om sy wyn buite die grense van die provinsie te adverteer nie.
7. Die resessie/verlangsaming in die ekonomie het die meeste lande wêreldwyd geaffekteer.
8. Daar is 'n geleidelike styging in die koste van brandstof.

As 'n besigheidskonsultant vir Makhaya Tali se wynmakery, identifiseer die besigheidsuitdagings, ontwikkel strategieë om die uitdagings te oorkom en bepaal die omgewing waarin die uitdagings bestaan. Adviseer Makhaya Tali oor hoe hy die doeltreffendheid van die strategieë kan evalueer.

[40]

VRAAG 6**KARMELBU EN VENNOTE**

Drie vriende, Jabulani, Melissa en Karen, bedryf 'n goed gevestigde vennootskaps-besigheid in Soweto.

Hulle vervaardig, verskaf en installeer kombuiskaste direk aan die publiek. Hulle omset is R30 miljoen per jaar en hulle maak 'n netto wins van R9 miljoen per jaar.

Hulle bedryf die besigheid al vir die afgelope tien jaar. Hulle voldoen aan BBSEB-vereistes.

Die vennote wil van 'n vennootskap na 'n publieke maatskappy oorskakel. Adviseer hulle oor enige VIER faktore wat beide die sukses en die mislukking van die nuwe vorm van eienaarskap kan beïnvloed. Beveel aan of hulle na die nuwe vorm van eienaarskap moet verander. Motiveer jou antwoord.

[40]**VRAAG 7**

Besigheidspraktyke in Suid-Afrika vereis dat besigheidsondernemings nie slegs op winsbejag moet konsentreer nie, maar dat hul ook die welstand van werknemers in ag moet neem.

Verduidelik kortliks of jy met die stelling hierbo saamstem en bespreek dan enige VYF wyses waarop besigheidsondernemings die welstand van hul werknemers kan verbeter.

[40]**VRAAG 8**

Vakbonde in Suid-Afrika speel 'n belangrike rol om die arbeidsmark en arbeidsverhoudingebeleid vir werknemers te beïnvloed.

Bespreek die rol en funksies van vakbonde, asook hoe vakbonde griewe-prosedures moet hanteer. Sluit by jou antwoord in die rol wat vakbonde in die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi gespeel het, en sê of bestuurders as lede van vakbonde ingesluit moet word.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300